NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 10 NOVEMBER 2024

VYF EN TWINTIGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Jongmense wat belydenis van geloof aflê

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Daniël 12:1-3; Psalm 16;
Hebreërs 10:11-14, (15-18), 19-25; Markus 13:1-18

SONDAG, 10 NOVEMBER	
09:00	Oggenddiens: Ds Chris Barnardo Kleuterkerk en Kinderkerk Belydenisaflegging Deuroffer ten bate van: Studente-Bearbeiding Erediensspan 3 – Neels Kruger • **Senior Kategese na afloop van die oggenddiens** • **Gemeentetee na afloop van die oggenddiens**
MAANDAG, 11 NOVEMBER	
18:00	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 12 NOVEMBER	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
18:00	Manne Bybelstudie in Moederskamer
WOENSDAG, 13 NOVEMBER	
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Bybelstudie
19:00	Kerkraadsvergadering in konsistorie
DONDERDAG, 14 NOVEMBER	
09:30	Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal
Sopbeurte:	Wena Janse van Rensburg, Dinky Janse van Rensburg, Dotjie Steyn, Elmari Schwenke-Vd Walt, Maranda van der Merwe, Etetia Conadie

VRYDAG, 15 NOVEMBER	
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 16 NOVEMBER	
SONDAG, 17 NOVEMBER	

SES EN TWINTIGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD
BID VIR BESKERMINGSDIENSTE

09:00 Oggenddiens
Kleuterkerk en Kinderkerk
JEUGDIENS
Deuroffer ten bate van: VCSV
Erediensspan 4 – Robert Rootman

- **Senior Kategese na afloop van die oggenddiens**
- **Gemeentetee na afloop van die oggenddiens**

19:00 AANDNAGMAAL
Erediensspan 2 – Elsa Welman

GEMEENTENUUS

1. Ruald Coetzee is verkies tot die leerderraad van Bellville Hoërskool.
2. Eldrid en Annika Cuperus (Kraaifontein) het 'n babadogter ryker geword. Ludwig en Ronel le Grange (Gemsbokstraat) is die oupa en ouma.
3. Briaan en Annika Cooper (Brackenfell) het 'n babaseun ryker geword. Kobus en Junita Neethling (Gemsbokstraat) is die oupa en ouma.
4. Oom Japie Marè (Mopaniesingel) is oorlede. Dis Karien Maré se skoonpa.
5. Anna van Wyk (Voëlvry, Bottelary) het 'n draai in die hospitaal gemaak. Sy ontvang tans behandeling.
6. Junita Neethling (Gemsbokstraat) is nog onder mediese behandeling en dit gaan goed met haar.
7. Susan Dietrichs (Othello) herstel nadat sy geval en 'n operasie ondergaan het.
8. Tannie Lerina Venter (Andanté) het 'n draai in die hospitaal gemaak.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

10/11 Jacques Odendal, Gerhard Roux, Almarette Swart, Heleen Kritzinger
11/11 Albie Lintvelt(88), Peter Abrahams, Ina Laubscher
12/11 Maggie Visagie(87), Hanlie du Plessis, Janru Orlandini
13/11 Martel Coetzee, Chris van Niekerk, Susan Dietrichs
14/11 Oden Scott, Neels Janse van Rensburg
15/11 Marilie Tiller, Alex Abrahams(90), Deon Lambert, Christie Wilders, Bianca Vosloo
16/11 Adélia Rossouw, Ilse Rabie, Elmari Schwenke-van der Walt, Elizmarié Saayman

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 13 November 2024 om 19:00.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Studentebearbeiding

Studentebearbeiding fokus op die ondersteuning van die bediening aan studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die post-matriek fees. Navorsing word ook gedoen oor die veranderende aard van die bediening aan studente en jong volwassenes. Die “Kerk van die Toekoms” netwerk help gemeentes om vars ruimtes te skep waar jong volwassenes hulle geloof kan beoefen.

Kontak ons op 021 882 9923 | jeug@kaapkerk.co.za
Webwerf: www.dinkjeug.co.za | Kerk van die Toekoms op YouTube

AFSKEIDSBOODSKAPPE AAN DS. HANNES EN ADRI

Ons nooi elke gemeentelid van De Eike uit om afskeidsboodskappe vir die Burger-egpaar te skryf. Julle kan dit in die kartonbokse gooi wat by die drie ingangsdeure geplaas is. Die boodskappies, kaartjies en briefies sal op Sondag 1 Desember 2024, tydens ds.Hannes en Adri se afskeid, aan hulle oorhandig word.

Julle het kans tot Sondag 24 November 2024, daarna sal die bokse verwyder word.

Kom ons gebruik hierdie geleentheid om woorde van dank, waardering, liefde en afskeid aan ds. Hannes en Adri te rig.

ALLEEN OP KERSDAG

Is jy Kersdag alleen?

Moenie bekommer nie, kom neem jou plek in aan Jesus se kerstafel.

Kontak Jakkie by 0824533862 of Lorraine by 0848052403 om jou plek te bespreek en die dag saam met jou broers en susters is Jesus deur te bring.

Sluitingsdatum vir registrasie is 15 November 2024.

KOSMANDJIE

Oor twee maande is dit Kersfees,'n feestelike tyd vir ons almal, of hoe?
Desember se kospakkies sal al die gebruiklike items bevat, maar hier's jou kans om iemand anders ook 'n bietjie te bederf en bly te maak!

Spenslys: koffie /tee /melk / suiker
mieliemeel /kitsmeel /hawermout / graankos
rys / bruis- of koekmeel en bakpoeier
blikkies - tamatie / tuna / groente soos mielies, ertjies of groenbone

Bederflys: koekies / soutbeskuitjies / aartappelskyfies (chips)
lekkers / koeldrankstroop / vrugtesap
kondensmelk / *ideal* melk / vla
jellie / blikkies vrugte



Hierdie lysies bly geldig tot einde Novembermaand.
Dankie vir jou wonderlike vrygewigheid dwarsdeur die jaar!

Mandjie-groete

AKSIE SAMARITAAN
KERSFEES KOSKOUS PROJEK

Die volgende versoek is ontvang vanaf Aksie Samaritaan.

Help ons om Kersfees vir die haweloses ook spesiaal te maak deur ‘n koskous geskenkpak te borg teen R250 per pak of ‘n enkele koskous teen R50 per kous. Ons wil graag 120 geskenkpakke uitdeel.

Ons benodig ook borge vir geskenkies en partytjie pakkies vir 30 kinders teen R250 per kind.

As jy op enige manier kan help, kontak Jakkie by 082 453 3862.

Kontantbydraes kan ook in die bankrekening inbetaal word met die verwysing KERSFEES. Koskouse moet bestel word teen 15 November 2024 om betyds te wees vir die afsluiting op 16 Desember 2024. Dankie vir jou bereidwilligheid. Mag God jou ryklik seën.

Let daarop dat Aksie Samaritaan se bankbesonderhede verander het van ABSA na CAPITEC BUSINESS BANK. Rekeningnommer 105 233 1530 takkode 450105.

Gaan kyk gerus op www.foodsock.co.za wat ‘n koskous is.

VRYDAG GEBEDSGROEP

Almal word genooi om deel te wees van die gebedsbediening op ‘n Vrydagoggend om 09:00 by De Eike.

Hulle doen voorbidding vir al die fasette van die gemeente.

DANKOFFERINSAMELING

Baie dankie aan almal wat reeds hul Tiendemaanddankoffer bydrae gegee het.

Die bedrag van R279 416 is ontvang. Ons doelwit vir vanjaar is R375 000.

Bydraes kan steeds enige Sondag in die mandjies geplaas word of per EFT of Snapscan betaal word.

NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Ek gee graag terugvoer oor die afgelope 3 maande se syfers:

	Augustus 2024	**September 2024**	**Oktober 2024**
Maandelikse dankoffers	197 559	188 207	193 227
Totale inkomste	300 800	318 905	843 326
Totale uitgawes	329 019	357 060	573 444
Surplus / (Tekort)	**(28 219)**	**(38 155)**	**269 882**

Ná afloop van Oktobermaand kan ons slegs die Here dank vir beter as begrote syfers. Ons is dankbaar vir Tiendemaanddankoffers ten bedrae van R221 396 wat reeds ontvang is. Die netto inkomste van die Wynveiling beloop R290 122 – heelwat bokant ons begroting van R250 000.

Einde Oktober se inkomste-syfer is buitengewoon groot in vergelyking met ander maande - hoofsaaklik as gevolg van die Tiendemaanddankoffer-insameling en die Wynveiling. Die uitgawes is ook buitengewoon hoog, as gevolg van die jaarlikse versekeringspremie wat gedurende Oktober betaal is, asook die uitgawes rondom die Wynveiling.

Ons moet ook ingedagte hou dat ons volgende groot fondsinsameling eers die Basaar is wat op 24 Mei 2025 plaasvind.

Die kommissies is reeds besig met beplanning vir die volgende finansiële jaar, en die uitdagings bly groot om ‘n gebalanseerde, dog haalbare begroting daar te stel. Ons vra dus steeds voorbidding vir ons gemeente se finansies.

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

BOONTJIESAKKIES

Gesoek! 400 Boontjiesakkies vir Little Seeds se opleiding van tuismoeders!

Little Seeds Eenheid vir Vroeë Kind Ontwikkeling is op soek na vrywilliges wat betrokke wil raak by die maak en stik van vierhonderd 10 cm by 10 cm sakkies, wat gebruik kan word as boontjiesakkies. Die sakkies vorm deel van die opleiding wat Little Seeds Eenheid aan voornemende tuismoeders gee. Die tuismoeder-program speel ‘n baie belangrike rol om vir kinders toegang te skep tot leergeleenthede en ontwikkeling, veral in gemeenskappe wat gebuk gaan onder armoede.

Indien jy kan help met stewige, kleurvolle materiaal, die stik van die sakkies of ander bydraes, kontak asb. vir Nicola Vermeulen by nicola@littleseeds.org.za of 082 372 2956.

LIGGIEBOOM

Jan Krielskool

Saterdag 23 November vanaf 17:30

Koste:
Volw R120 & Skoliere R50 (Jy ontvang jou eie LED-liggie om saam huis toe te neem)
Kaartjies kan vooraf aanlyn verkry word of op die dag by die hek.
Hekke en kosstalletjies open 17:30 en die program begin om 19:00.

Die Jan Kriel Instituut bied jaarliks 'n Liggieboom-geleentheid ten bate van die leerders van Jan Krielskool aan. Sluit Saterdag aan vir 'n familie-vriendelike aand met optredes deur beide leerders en Jay du Plessis en 'n dankseggingsdiens om die jaar af te sluit. Die hoogtepunt van die aand is die aanskakel van die Liggieboom - met amper 10 000 liggies - elkeen geborg deur ’n vriend van Jan Kriel. Kom kuier saam en maak 'n verskil. Meer besonderhede aanlyn of skakel (021) 903 0434.

SENIOR KATEGESE

Ons benodig ‘n klasleier vir 2025 vir graad 7.

Ons klasse is Sondae oggende na die Erediens.

Ons klasleiers word toegerus met reeds uitgewerkte lesse in ‘n handleiding en op ‘n geheue stokkie met die les in video formaat, dus hoef ons klasleiers geen lesse uit te dink of te werk nie. Al wat jy nodig het is jou eie skootrekenaar.

Kontak my gerus vir enige verdere inligting.

Elmarie Scholtz – 0828225265
Senior Kategese Koördineerder

VAKANTE POS

Administratiewe Koördineerder:
Jeug en Familiebediening

Die NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) het ’n voltydse pos beskikbaar in Stellenbosch vir ’n ***Administratiewe Koördineerder: Jeug en Familiebediening.***

Sien kennisgewingborde vir meer inligting.
Kontak ons kerkkantoor vir die aanoekvorm.

Sluitingsdatum vir aansoeke: Maandag 18 November 2024 om 12:00

PREEKSKETS

TEMA – IN DIE MIDDEL VAN DIE STORM (GELOOFSVERTROUE SONDER GRENSE)

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Lukas 8:22-25

1. Inleiding. Geredde mense, mense wat vir Jesus as Verlosser bely, is nie gevrywaar van die storms in die lewe nie. Ons bevind ons ook dikwels in die middel van ‘n storm – krisisse, uitdagings, en moeilike omstandighede wat ons geloof toets. Maar die wyse waarop ons in die middel van ‘n storm reageer sê iets oor ons getuienis. Geloofsvertroue is dit wat ons deur krisisse dra.

2. Jesus is in die boot, selfs in die storm (vers 22-24). Die werklikheid is egter dat Jesus nooit die boot verlaat nie. Hy is aan boord, en Hy is ten volle bewus van ons situasie. Dit is ’n kragtige les vir ons: Wanneer Jesus ons roep om ’n pad te stap, is Hy saam met ons, selfs al kom daar storms.

3. Die toets van geloof (vers 25). Die vraag "Waar is jou geloof?", is 'n uitnodiging om na binne te kyk. Vertrou ons net op God wanneer dit goed gaan, of glo ons werklik dat Hy in beheer is, selfs wanneer die storms om ons losbars?

4. Die gesag van Jesus (vers 24-25). Jesus se optrede vul ons met verwondering. Maar ons word veral met verwondering vervul dat Hy, die Seun van God, die dood oorwin het en drie dae later opgestaan het – en dat Hy dit vir my en vir jou gedoen het! Daar is geen storm wat in jou lewe woed wat buite Sy beheer is nie. Hy is ons Redder, ons Verlosser, en Hy kan die storms van jou lewe stilmaak – wanneer dit Sy tyd is.

5. Slot. Die kernboodskap van hierdie gedeelte is eenvoudig:Jesus is saam met jou in die boot, selfs in die grootste storms. Hy vra jou net een ding: om te vertrou. Dit is nie altyd maklik nie, maar ons kan weet dat Hy gesag het oor elke aspek van ons lewe. Al slaan die golwe en breek die branders, al woed die wind en bruis die see, moet ons die Here vertrou, standvastig in geloof staan en Hom die beheer gee, want Hy is getrou.